



DEKKERSVERENIGING VAN SUID - AFRIKA THATCHERS ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA

Nuusbrief 2/2006
25 Januarie 2006

NUUSBRIEF EN AANSLUITINGSVORM

Ons is bly om te berig dat daar nou reeds 399 kontakte gemaak is via briewe, fakse en telefoon. Ons het reeds meer as 20 nuwe betaalde lede met baie beloftes van aansluitings by die verskillende vergaderings.

Die Tussentydse Komitee vergader eerskomende Donderdag, 26 Januarie 2006 en u is welkom om enige voorstelle vir bespreking aan ons kantoor of aan enige van die komitee lede te stuur.

Die bywoning van die Dekkersvereniging se Streeksvergaderings is van die uiterste belang, aangesien Streekskomitees op die been gebring moet word om Nasionale verteenwoordiging op die Nasionale Komitee te verseker. Sodoende kan die wydste moontlike inspraak verkry word. Dit is ook in Streeksverband waar die werklike aksie en wisselwerking sal plaasvind, terwyl die Nasionale Komitee aandag sal skenk aan die Bedryf in die algemeen.

Ons wil u graag aanmoedig om moeite te doen om die vergadering wat in u streek gehou word, by te woon sodat u uit die staanspoor inspraak sal hê in die formalisering van die doelwitte en die toepassing daarvan. Ons beskik ook nie oor al die Dekkers en verwante bedrywe se besonderhede nie en wil 'n beroep op u doen om die name aan die kantoor te stuur van besighede wat u vermoed belang sou stel, of hulle self uitnooi om saam met u die vergadering by te woon.

1. STREEKSVERGADERINGS

Voorstelle sal deur die Tussentydse Komitee aan u tydens hierdie vergaderings voorgelê word wat die volgende behels:

1.1 "Wat baat dit my om by de Dekkersvereniging aan te sluit?"

1.2 Voorlegging :

- Samestelling van die Nasionale- en Streekskomitees
- Visie
- Missie
- Doelwitte
- Modus Operandi
- Finansiële Beleid
- Lidmaatskap

1.2.1 Gedragskode

1.2.2 Grondwet

1.3 Die eerste Streeksvergadering wat op 2 Februarie 2006 in Pretoria gehou word, sal onder andere aandag gee aan die volgende aspekte om ons in staat te stel om 'n Versamelhandelsmerk te registreer:

1.3.1 Die vasstelling van die regspersoon waarmee die Vereniging gedryf gaan word

1.3.2 Die goedkeuring van die Grondwet

2. STREEKSKOMITEES

Dit word in die vooruitsig gestel dat die Streekskomitees verteenwoordigers sal nomineer om buiten die onderskeie Voorsitters wat deel van die Nasionale Komitee sal uitmaak, ook op die Sub-Komitees te dien

2.1 Graag berig ons dat die datums vir die eerste Streeksvergaderings soos volg vasgestel is:

Pretoria	02 Februarie 2006	<i>RSVP</i> <i>(26.01.2006)</i>	<i>LOKAAL</i>
Tyd: <u>10h30</u>			Condor House, Flufftail 20 & 18, Rooihuiskraal Noord, Centurion (Padkaart aangeheg)

Hierdie is 'n vierster gastehuis en 18 kamers word gereserveer vir mense wat van ver kom en wat graag sal wil oornag.

Dit sal waardeer word indien u self u eie Akkommodasie besprekings sal doen

Webtuiste : www.condorhouse.za.net

E-pos : wessie@condor.za.net Selfoon: 083 288 7656

Condor House : Telefoon (012) 653 7278

Tariewe : Enkelkamer : R330 pp. (Bed en Ontbyt)

Kamer wat gedeel word R260 pp (Bed en Ontbyt)

Die Streeksvergaderings sal om **10h30** begin en is van toepassing op al die vergaderings

Stellenbosch	14 Februarie 2006	(07.02.2006)	
George	15 Februarie 2006	(08.02.2006)	Pine Lodge George
Port Elizabeth	16 Februarie 2006	(09.02.2006)	Pine Lodge Port Elizabeth
Bloemfontein	22 Februarie 2006	(17.02.2006)	Sal later bekend gemaak word
Pietermaritzburg	07 Maart 2006	(01.03.2006)	Sal later bekend gemaak word

3. **ALGEMENE JAARVERGADERING**

Die oogmerk is om eers Streekskomitees op die been te bring sodat 'n Algemene Jaarvergadering later in die jaar (maar nie later as die einde April nie) meer sinvol gehou kan word waartydens die Nasionale Komitee, Dagbestuur en Sub-Komitees saamgestel kan word.

4. **AMPTE**

Die nuwe Nasionale Komitee sal tydens die Algemene Jaarvergadering die Nasionale Voorsitter, Ondervoorsitter en Sekretaris aanwys, asook die pos van Administratiewe Beampte bekragtig.

4.1 Die tussentydse Komitee bestaan uit die volgende lede en u word hartlik uitgenooi om hulle te kontak indien u meer inligting sou verlang:

Mnr Pat Wilson	Micon Thatching	082 552 2209	Voorsitter
Mnr Abrie Visagie	Lucas Quality Thatch	083 675 0518	Ondervoorsitter
Mnr Philip Boardman	Alternative Structures	082 554 9508	Sekretaris
Mnr Will Andrews	Zambesi Thatch	082 347 2240	
Mnr Wayne du Plessis	Sun Thatch	083 266 3871	
Mnr Abe Stears	SATAS	083 632 3416	
Mnr Terry Wilson	Thatch-it	082 492 5905	
Mr Kobus Strydom	Fire Tech	082 892 4565	

4.2 Me Elzabie Meintjes is aangestel as Administratiewe Beampte wat beteken dat die kantoor tussen 08h00 en 12h00 weksdae beman word. Haar kontakbesonderhede is soos volg:

Selfoon 083 2838 429 E-pos admin@sa-thatchers.co.za Faks 086 6409 151

5. **FONDSE**

5.1 Om in staat te wees om die Dekkersvereniging van die grond af te kry, Streeksvergaderings te hou en die Administrasie te behartig, benodig die tussentydse Komitee fondse.

5.2 'n Lidmaatskap Aansoekvorm word hierby aangeheg en 'n R500 Stigtingsheffing word gehef wat aftrekbaar sal wees van die 2006 Ledegeld wat op 1 Maart 2006 betaalbaar sal wees. Hierdie R500 is **nou** betaalbaar om die kantoor in staat te stel om te funksioneer.

U ondersteuning en samewerking word hoog op prys gestel.

Vriendelike groete

PAT WILSON

VOORSITTER

2006-01-25

Dekkersvereniging van Suid-Afrika

Posbus 13334


CLUBVIEW 0014

Mobile : 083 283 8429

Fax : 086 6409 151

E-mail : admin@sa-thatchers.co.za

Website: www.sathatchers.co.za



PADKAART NA CONDOR HUIS
 PRETORIA STREEKS-VERGADERING
 2 FEBRUARIE 2006
 10H30



THATCHERS ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA DEKKERSVERENIGING VAN SUID-AFRIKA

STIGTINGSHEFFING & LIDMAATSKAP AANSOEKVORM

NAAMVAN INSTANSIE:

POSADRES :

KODE:

FISIESE ADRES :

KODE:

TELEFOONNR.

FAKSNR.

SELFOONNR.

E-POS ADRES :

VERTEENWOORDIGER/ KONTAKPERSOON/E

IS U GEREGISTREER VIR BTW? NEE / JA

REGISTRASIENOMMER:

HOE LANK IS U FIRMA
REEDS IN DIE BEDRYF?

IS GRASDEKKING 'N VOLTYDSE
BESIGHEID VAN U FIRMA?

INGESLOTE VIND U MY TJEK / KONTANT / DEPOSITOSTROKIE VAN R500-00 TOV DIE STIGTINGSHEFFING. HIERDIE BEDRAG VAN R500-00 IS AFTREKBAAR VAN DIE LIDMAATSKAPGELD VIR 2006 BETAALBAAR OP 1 MAART 2006

EK / ONS ONDERNEEM OM DIE DOELSTELLINGS VAN DIE DEKKERSBEDRYF TE BEVORDER EN OM DIE REGULASIES EN STANDAARDE VAN DIE VERENIGING TE HANDHAAF.

.....
HANDTEKENING

.....
HOEDANIGHEID

.....
DATUM

BANKBESONDERHEDE: ABSA DERDEPOORT
TAKKODE: 335 – 245
REKENINGNOMMER: 14-3016-5484

DEKKERSVERENIGING VAN SUID-AFRIKA
POSBUS 13334
CLUBVIEW 0014
SELFOON: 083 283 8429
FAKS: 086 6409 151
E-POS: admin@sa-thatchers.co.za

TAAL VAN U KEUSE : ENGELS / AFRIKAANS